

Waar die hart is, is ook jou skat

Teks: Lukas 12: 13 - 21 & Sondag 24
Teksvers: Lukas 12: 19

1. Inleiding

Verlede week het ons gefokus op verlossing wat net deur geloof alleen ontvang kan word. Ons het duidelik gesê dat geloof, 'n genade gawe wat van God ontvang word. Vanaand val die fokus op die ander kant van die munt. Om te werk, spesifiek te werk vir jou eie verlossing. En wanneer ons 'n tree agteruit neem sien ons dat om te werk nie so vreemde konsep is, as wat ons dink nie. Vandag om ons word prestasie steeds beloon. Wanneer iemand 'n prestasie bereik, admireer ons graag sy opofferings om dit te bereik. Gewoonlik is die nommer een opoffering inspanning, arbied of dan werk.

Ons gebruik ons opofferings en inspanning as 'n ruilmiddel. Die transaksie wat ons verkeerdelik dink, is die opoffering van ons tyd en inspanning in ruil vir 'n salaris of ander vorm van lewensonderhoud. En al is dit 'n bybelse beginsel dat 'n mens nie kan verwag om te eet, indien jy nie werk nie. Vergeet ons so maklik dat ons daaglikse brood steeds net 'n genade gawe uit die hand van die Here. Die blote feit dat ons iets kan doen waarvan ons hou as 'n loopbaan is eintlik net nog genade op genade.

Maar miskien tot 'n ontnugtering vir vandag se mens wat glo dat as hy net hard genoeg werk, kan hy enige iets bereik, is verlossing steeds buite die bereik. Dit is buite bereik van ons inspanning en goeie werke. Dit is wat ons bely in Sondag 24 van die Kategismus. Vanaand onderstreep ons hierdie belydenis uit die gelykenis van die ryk dwaas in Lukas 12.

2. Verlossing kom nie deur ons transaksie nie

Die een les uit die gelykenis wat die Here meedeel, in Lukas 12, wat nie gemis kan word nie is dat verlossing buite bereik bly. Selfs al is geld en besittings waaroor die ryk man in gelykenis beskik in oorvloed. In vers 20 sien ons die ryk man sterf. En vir alle praktiese doeleindes, kan ons aanvaar dat die man verdoem is tot die ewige verderf.

Maar as die man in die gelykenis nie eers verlossing kon bekostig nie, wie kan dan? Die antwoord is dat geen mens dit kan bekostig nie. Ons as mense was dood as gevolg van die sonde. En 'n dooie mens kan niks doen nie. 'n Dooie mens kan verseker nie 'n transaksie aangaan nie. Dit is die ironie ons teksgedeelte vanaand. Die ryk dwaas doen so goed in die lewe dat hy enige iets kan bekostig, sonder om verder hard te werk. Hy moet as 'n ware groter skure bou, net om al sy

besittings te kan huisves. Maar die ewige lewe is nie onder hierdie besittings nie. Trouens ons vind nie eers 'n lang gelukkige, gesonde aardse lewe onder sy besittings nie.

Lewe, en veral die ewige lewe is nie 'n besitting wat eenvoudig aangeskaf kan word deur harde werk nie. Ons as mens kan daardie transaksie nie aangaan nie. Want al die transaksies wat ons aangaan is onvolmaak en besmet met die sonde. Daarom kan verlossing nie deur 'n transaksie van ons kant af kan kom nie. Verlossing kom net op grond van die volmaakte transaksie. Ons Here Jesus Christus wat self die handelsterm "Tetelestai" gebruik in Johannes 19:30. Hierdie term bevestig die volmaakte afhandeling van daardie transaksie aan die kruis wat vir ons die ewige lewe verwerf.

Daarom waarsku Jesus alreeds vroeg in ons teksgedeelte in vers 15, teen gierigheid. Want gierigheid neem altyd jou fokus af van die kruis en plaas dit op iets anders. Ons teksgedeelte begin immers met iemand wat nie verlossing in Christus sien nie, maar eerder materiële welvaart.

3. 'n Verlose lewe word nie passief weggebêre nie

As daar een ding is wat nie in ons teksgedeelte gebeur nie, is dit dat mense passief rondsit nie. Die ryk dwaas is 'n harde werker. Sy sukses in terme van die suksesvolle oes wat

beskryf openbaar tog iets van harde werk. En tot op hierdie punt is daar ook nie fout met die optrede van die man nie. Die Here roep ons immers almal om juis ons talente en gawes uit te leef elke dag. 'n Verlose lewe is nie 'n passiewe lewe nie. Dit is nie die les wat geleer word uit ons teksgedeelte nie.

In die volgende stadium gaan dit ook nog goed. Ons sien in ons teksgedeelte dat die ryk man bewus word van sy seëning. Hy besef dat hy 'n groot oes het. Maar dan begin dinge skeef loop. Dit begin skeefloop oor die verkeerde siening van die oorsprong van die oes. Selfvoldaan klop die man homself op die skouer in ons teksvers, hy sê vir homself "Jy het baie goed weggesit vir baie jare".

Maar dit is juis in hierdie wegsit waar die probleem lê. Ons sien dit ook in die gelykenis van die tien muntstukke in Matteus 25. Die slaaf wat eenvoudig die een muntstuk gaan begrawe wat as 'n lui en slegte slaaf uitgekryt. Ons kan nie ons seëning veilig wegbêre nie. God red ons in genade, wanneer Hy die geloof in ons werk. Maar nou moet ons uit daardie geloof 'n nuwe lewe leef. Ons moet dit gebruik as hulpbron om God te kan eer en verheerlik. Ons kan nie passief terugsit soos mense wat steeds dood is in die sonde nie. Want ons is opgewek uit die dood van die sonde in die verlossing, wat ons ontvang het van ons Here Jesus Christus.

Ons moet die Here lief met ons hele hart, al ons krag en al ons verstand. 'n Lewe waarin die dankbaarheid vir ons verlossing uitgeleef word is nie passief nie. Dit is ook nie weggebêre van die wêreld om ons nie. Dit is 'n lewe wat bestaan uit goeie werke.

4. Die fokus van my lewe, word uitgeleef in optrede

Die tweede kant van hierdie dankbare optrede oor ons verlossing lê in fokus. Wat is die fokus van goeie werke wat nog genade op genade ontvang. En dit is hier waar ons teksvers die probleem duidelik uitgespel. Die ryk dwaas, se fokus is net op homself en sy eie gemak gerig. Hy dink onmiddelik wat kan hy met hierdie groot oes doen. Maar hy dink net wat kan hy vir homself met hierdie groot oes doen. En skielik is dit nie vir ons so onbekende saak nie. Ons hoor as 'n ware die uitspraak, indien jy hierdie oes reg belê hoef jy nooit weer te werk nie.

Ons hoef egter nie ver met die geloofsoog te kyk om die probleem hiermee te sien nie. Ons bely ons Here Jesus Christus se opoffering. Hy wat nie aan Sy goddelike hemelse bestaan vasgehou het nie, maar na die aarde gekom het. Wat om self nog verder verneder het deur as 'n misdadiger aan die kruis te sterf. Maar selfs in Sy lewe hier op aarde is Jesus besig om brood te vermeerder of voete te was.

'n Spesiale gawe of seëning kom altyd met 'n verantwoordelikheid. En

verantwoordelikhede word nie vervul in oortuigings en ideologieë nie.

Verantwoordelikhede word vervul in optrede, of juis ontduik deur middel van geen optrede nie. Die ryk dwaas in ons teksgedeelte bewys geen dankbaarheid oor sy seëning aan die Here nie. Verder is sy naaste ook glad nie in die versier nie. Die ryk dwaas maak selfsugtig en gierig planne vir sy eie toekoms. Maar dit is nie so eenvoudig nie.

5. Slot

Ons kan vanaand se leerdiens afsluit met die volgende gedagte. Ons tema vanaand herinner aan 'n ander teksgedeelte. In Matteus 6: 19 - 20 sê Jesus die volgende: ¹⁹“Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. ²⁰Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie.

²¹Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.” Natuurlik is die konteks dieselfde waarskuwing teen die versoeking van gierigheid van aardse besittings.

Tog het ons die stelling omgedraai omgekeer in die tema. Waar jou hart is sal jou skat ook wees. Want die teenoorgestelde is ook waar op 'n manier. Jesus sê in Matteus 6 dat jou hart jou skat sal volg. Maar wanneer jou skat ook jou arbeid en inspanning insluit. Wanneer jou skat hulpbronne soos tyd en geld insluit, kan ons ook

sê dat jou hart jou skat sal volg. Daar sal 'n spesifieke manier wees waarop jy gefokus is. Hierdie fokus sal sigbaar wees in waarmee jy besig is. Jou optrede jou goeie daad. Dit is uiteindelik die antwoord op vraag 64. Mense wat werklik dankbaar is vir verlossing uit genade alleen, sal goeie daad doen. Goeie is dan ook net goeie daad wanneer dit tot eer van God en voordeel van my naaste is. Hierdie goeie daad spruit voort uit 'n verlore hart. Waar jou hart is sal jou daad wees.

Amen